Die Voortrekkers

21 Januarie 2015

KAAPLAND VOORTREKKERS OMSENDBRIEF 1/2015

Beste Offisiere

UIT DIE PEN VAN DIE GEBIEDSLEIER

Welkom in 2015. Alle aanduidings is dat ons 'n donker jaar gaan hê, beslis tot einde Maart, tensy Eskom daarin slaag om die ligte met een of ander wonderwerk aan te hou….

Dit moet werklik tragies wees indien mens bo-op hierdie gebrek aan volhoubare elektrisiteitsvoorsiening ook nog 'n donker uitkyk of siening van die lewe het. Dan is alles wat jy ervaar negatief en depressief.

Gelukkig vir ons het Christus deur sy kruisdood en opstanding ons toekoms opgehelder deur vir ons die weg te baan na die ewige Lig en daarteenoor is die huidige kragonderbrekings (en donkerte) eintlik maar nietig.

Laat ons vanjaar ons jeuglede en mede-volwassenes help om te fokus op ons toekoms en nie om verstrengel te raak in die alledaagse (klein) uitdagings nie. Onthou dat dit wat ons in Die Voortrekkers aanbied en self aan blootgestel word, die boustene van die toekoms is. Laat ons dan seker maak dat ons bouwerk van die hoogste gehalte is.

Sterkte daarmee.

Jan Palm

GEBIEDSLEIER TOEKENNING

Die Gebiedsleier Toekenning, vir besonderse diens gelewer of wie/wat 'n merkwaardige verskil gemaak het, vir Oktober 2014, is aan **Pieter Richard van Somerset-Wes Voortrekkerkommando**, toegeken. Baie geluk Pieter en hou aan met jou positiewe gesindheid en voorbeeld!

1. ADMINISTRASIE

AGL Juanine Kok

Hallo 2015 – totsiens Januarie!
As jy met dit kan assosieer dan is dit 'n teken dat jy goed besig is om die jaar en sy uitdagings by die horings beet te hê!

Dankie vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot sy kommando / oord se administrasie en organisasiestruktuur verlede jaar. Kyk noord en bou voort op die boustene wat reeds neergelê is.

DE WETSTRAAT 150
VRIJZEE
7460

086 122 3423
kplvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Gebiedsleier: Jan Palm, Gebiedsekretaris: Juanine Kok,
Adjunkgebiedsleiers: Constantine Varley, Johan Minnie,
Chris Human, Riana Breytenbach, Elizma Smith

Ek doen ‘n beroep op elke Staatmaker, offisier en heemraadslid om jou AKL Admin vanjaar te ondersteun deur te fokus op jou eie span se administrasie, te reageer op e-posse en te hou by sperdatums. Deur dit te doen word baie frustrasie vermy en maak dit die taak van die AKL Admin soveel makliker.

Jaarprogram 2015

Konsep 4 van die 2015 Jaarprogram is ingesluit as bylaag tot die omsendskrywe. Enkele wysigings en toevoegings tot die jaarprogram is in rooi aangedui.

Die Voortrekkers			
Kaapland Jaarprogram 2015 - Kwartaal 1			
Maand	**Dag**	**Datum**	**Aktiwiteit**
Januarie	Do	1	Nuwejaar
	Do - So	8 - 11	OK - Verkenner Keurkamp - Gr 12 Gebiedskamp
	Di	13	Hoofkantoor en Voortrekkerdepot open
	Wo	14	WK - Volwasse Sake Taakgroepvergadering
	Vr - So	16 - 18	NK - Volwasse PD / Verkenner Toerustingsnaweek & Afskopkamp
	Wo	21	Gebiedskantoor open
	Wo	21	Skole open
	Sa	24	WK- Oordbestuursvergaderings
	Sa -So	24 - 25	WK - Offisiere Nagmars
	Vr -So	**23 - 25**	**VOLLE GEBIEDSDAGBESTUURSVERGADERING**
	Di	27	GK Verkenners sake telefoon vergadering
	Vr	30	OK - Verkenner Braaidraai
	Vr -So	*30 Jan - 1 Feb*	*NK PD, VOLWASSE, VERKENNER SAKE vergadering*
Februarie	Vr - So	6 - 8	**KAAPLAND OFFISIERE SAAMTREK**
	Sa	7	**GEBIEDSRAAD**
	Vr	20	Indiening van motiverings vir medaljes/dekorasies by die Gebiedsekretaris
	Vr - So	20 - 22	OK - Baasverkennerkonferensie
	Wo	**25**	**GEBIEDSDAGBESTUURSVERGADERING - ADMIN**
Maart	Wo	4	WK - Volwasse Sake Taakgroepvergadering
	Vr - So	6 - 8	OK - Volwasse Kursusnaweek: Spanhantering
	Vr - Sa	6 - 7	WK - Vlotvaart
	Vr - Sa	13 - 14	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 4 - Plantekennis
	Vr - Sa	13 - 14	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 5 - Plaaslewe
	Vr - So	13 - 15	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 6 - Sterrekunde
	Vr - So	13 - 15	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 7 - Medemens
	Sa	21	Menseregtedag
	Vr-So	**20 - 22**	**GEBIEDSBESTUURSVERGADERING**
	Vr-So	20 - 22	WK - Verkenner Jeugberaad
	Vr - So	20 - 22	Staatmaker Indaba
	Sa	28	OK - PD Spesialisasie Dag
April	**Wo**	**1**	**Skole sluit**

Registrasie vir 2015:

Voortsettingsvorms:

Van vanjaar af gaan alle bestaande lede ‘n Voortsettingsvorm vanaf die kommando ontvang, wat voltooi en teruggestuur moet word. Die vorm bevat kontakbesonderhede van elke lid, soos reeds gelaai op SAS. Wysigings van besonderhede word dan hier gedoen.

Met die ondertekening van die vorm word gestipuleer dat die ondertekende vertroud is met die inhoud van die lidmaatskapsbrosjure en dat ledegeld betaal sal word.

Dit is dus belangrik dat alle kommando's die lidmaatskapsbrosjure aan alle bestaande lede se ouers en lede sal versprei. Die lidmaatskapbrosjure word as bylaag ingesluit.

'n Voorbeeld van die Voortsettingsvorm is beskikbbaar op www.houkoers.co.za onder *Dokumentasie/Vorms/Lederegistrasies.*

Daar is twee maniere om die vorms te druk:
Vir die vinnige manier - alle vorms in kommando:

1) Gaan na *Algemeen/Verslae/Lid data nuwe jaar*. By Plek – kliek op regmerkie langs NIKS en kies jou kommando. By Jaar – kliek op regmerkie langs NIKS en kies 2014. Kliek op *Wys Verslag.*

2) Individuele vorms vanaf die lid data webbladsy (*Algemeen/Lid Besonderhede*):
Kliek op persoon se naam (groot blou font heel bo) om na dieselfde verslag te gaan, maar hierdie keer word net die vorm van een gekose persoon gewys.

L1 en L2 vorms:
Nuwe (verkorte) lidmaatskapvorms vir nuwe lede is ook beskikbaar onder:
D*okumentasie/vorms/lederegistrasies.*
Die lidmaatskapbrosjure moet hier na nuwe lede versprei word.

Hiermee 'n tydskaal rakende registrasie en lidmaatskapbetalings om die proses beter te verstaan en te volg:

AKL Admin gee 'n spanlys (gebasseer op die vorige jaar) aan alle spanoffisiere vir afmerk om aan te dui watter bestaande Voortrekkers aangaan met die jaar of nie.	Eerste en tweede spanbyeenkoms
Spanoffisier handig die afgemerkte lys in by AKL Admin. Voortsettingsvorms sal volgens die afgemerkte spanlys uitgedruk word.	Februarie
Alle bestaande lede ontvang 'n voortsettingsvorm	Februarie
Voltooide voortsettingsvorm (bestaande lede) word terugontvang vanaf lid / ouer	Februarie
Databasis op SAS korrek en op datum met bywerking van enige veranderings soos aangedui op voortsettingsvorms wat terugontvang is.	30 April
Lede se ledegeld moet oorbetaal wees aan kommando's	30 April
Stuur L1 en L2 vorms aan Gebiedskantoor na registrasie van nuwe lede	30 April
Merk betaling af op SAS soos ontvang en betaal oor aan Gebiedskantoor	Feb/Mar/Apr
Rekonsiliasie van ledegeld deur Gebiedskantoor. Kontroleer SAS dienooreenkomstig	Mei
Gebiedskantoor kontroleer ledegeld ontvang met ledelys	Mei
Laaste dag vir inbetaling van ledegeld en opgawes in Gebiedskantoor vanaf kommando's	29 Mei
Gebiedskantoor stuur betalingsopsomming tesame met lys van lede wat op SAS geregistreer is wat betaald aangedui is, aan kommando's .	31 Mei
AKL Admin en AKL Finansies rekonsilieer lys soos ontvang vanaf Gebiedskantoor	Na 31 Mei
Geen toevoegings van lede op SAS kan gedoen word nie. Persone kan slegs geskuif word na gewese lede. Die Gebiedskantoor sal dan enige verdere toevoegings van lede doen.	Na 31 Mei
Laaste dag vir inbetaling van ledegeld en opgawes vanaf gebiede na hoofkantoor	29 Junie

Kommandojaarverslae 2014:
Soos verlede jaar versoek, was die sperdatum vir inhandiging van kommandojaarverslae 2 Desember. (Volgens 2014 Gebiedsplan was teikendatum 14 Nov 2014) Baie dankie aan die kommando's wat hul jaarverslae teen die sperdatum ingestuur het.
Daar is wel kommando's van wie jaarverslae nog uitstaande is. Ek doen 'n ernstige beroep dat kommando's wat nog nie die jaarverslae ingedien het nie, dit so spoedig moontlik sal doen.

Aansoeke vir medaljes/dekorasies:
Let asseblief op die sperdatum van 20 Februarie 2015 vir indiening van aansoeke vir medaljes/dekorasies. Beplan asseblief sodat u nie die sperdatum mis nie. Aansoeke word na die Gebiedsekretaris gestuur.

Gebiedsplan en Gebiedspraktykhandleiding:
Die Gebiedsplan vir 2015 en hoofstukke van die Gebiedspraktykhandleiding sal eersdaags op Kaapland se webblad beskikbaar wees. Dit is belangrik dat alle besture die Gebiedsplan sal gebruik in hul beplanning en uitvoering op die onderskeie vlakke. Die Gebiedsplan is rigtinggewend en dui aan wat beplan en bereik moet word in 2015 in al die dissiplines in Kaaplandse Voortrekkers.

Let ook veral op na die beplaning en beheer van tydskale vir 2015 uiteengesit in die Gebiedsplan onder die Administrasie en Kommunikasieplan. Dit word as 'n bylaag tot die omsendskrywe ingesluit.

Sterkte vir die kwartaal wat voorlê en mag jul oorval word met nuwe potensiële Voortrekkers vir 2015!

2. PENKOPPE EN DRAWWERTJIESAKE

AGL Elizma Smith

So ja, die spanstelsel is ook na my mening een van Die Voortrekkers se sterkpunte. Mag jy en jou span 'n lekker spanbou- en groeijaar beleef in 2015.

1. Doelwitte van die Penkop en Drawwertjie gebiedskomitee

Die komitee se doelwitte vir 2015 waarvoor ons sekere aksiestappe gestel het ter bereiking daarvan, kan kortliks soos volg opgesom word:
P/D's wat tevrede, betrokke en sigbaar is in hulle gemeenskappe en Voortrekkerwees geniet onder die leiding van goed toegeruste offisiere, wat effektief gebalanseerde programme aanbied waardeur jeuglede in die Voortrekker waardestelsel begrond word om te groei en ontwikkel om eendag suksesvolle volwassenes te wees.
As een van hierdie aksiestappe is 'n paar lesplanne reeds geskryf deur 'n paar spanoffisiere, dankie daarvoor. Hierdie lesplanne gaan nou verwerk en op Kaapland se webblad gelaai word – meer daaroor in die volgende omsendskrywe.
Om die adminstrasie van P/D aktiwiteite deur die hele Kaapland te belyn is 'n **gestandaardiseerde aansoekvorm vir gebiedsgoedkeuring vir kampe en aktiwiteite** ontwerp wat voortaan deur alle P/D projekleiers en kampleiers in Kaapland gebruik moet vir aansoeke. 'n Kopie hiervan word as bylaag aangeheg. 'n Gestandaardiseerde verslagvorm volg binnekort.

2. Enkele wenke so vir die wegspring vir die jaar

a) Benut opleidingsgeleenthede

Offisiere, opleidingsnaweke is die beste plek om jou pitkos vir die jaar te kry. Daar kry jy daardie "nou-wil-ek-dinge-gaan-doen" gevoel wanneer jy terugkom ná die naweek nadat jy net 'n slag weer in die geselskap was van ander offisiere wat net soos jy ook raad soek om spanvergaderings uit te werk, aktiwiteite aan te bied en spanlede te werf en behou. Jy hoor ook ander se idees wat weer jou planne vir jou spanvergaderings help vorm.

b) Spanprogram

Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie – werk met 'n plan en stel vir jou span 'n spanprogram op. Vir jou as offisier gee dit 'n gevoel van orde, rigting en beheer en jou spanlede wil ook weet wat vir hulle voorlê vir die jaar.

c) Verstaan waarom jy Graadwielwerk doen

As Voortrekkeroffisiere is dit nie ons taak om kinders besig te hou nie. Kinders kan hulself besig hou en gaan nie op die langtermyn Voortrekkers toe kom daarvoor nie en ook nie om week na week niks te doen nie. Ons taak is baie meer en dieper as dit, ons moet kinders toerus om gebalanseerde volwassenes te word en daarvoor moet hulle begrond word in 'n waardestelsel waarvoor ons as primêre hulpmiddel 'n Graadwielloopbaan het wat jeuglede deurloop.

Elke gedeelte in elke graadwielboek word met 'n doel gedoen om konsekwente Christenskap, moderne Afrikanerskap of positiewe Burgerskap te bevorder en durf nie uitgelaat te word nie. Antwoord vir jouself eers die vraag: "Wat is die doel van hierdie les?" en gebruik dit as vertrekpunt vir jou voorbereiding.

Mag jy 'n heerlike Voortrekkerjaar beleef in 2015 en ek hoop jy haal die eindstreep aan die einde van die jaar teen dieselfde flinke spoed waarmee jy nou weggespring het.

3. VERKENNERSAKE

AGL Chris Human

Ons staan weer op die drumpel van 'n nuwe jaar en ek hoop almal het goed uitgerus en het weer baie energie vir die nuwe jaar. Genoeg energie en 'n passie om hierdie jaar volop geleenthede te skep vir Verkenners om hulself te vind, ontwikkel en te strewe na self-aktualisasie.

Net 'n paar sake wat aandag moet kry:

1. <u>HW/PV Proses:</u>
   Hierdie is die laaste jaar wat die huidige formaat van die HW/PV proses gebruik gaan word. Maak asseblief seker dat die kandidate vir hierdie jaar goed voorbereid is.

2. <u>Nuwe PV proses en Verkennerloopbaan</u>:
   Die prospektusse vir die volgende 3 jaar vir die nuwe PV proses en Verkennerloopbaan behoort binnekort beskikbaar te wees. Maak seker dat julle in besit is van die prospektusse. Dit is baie belangrik dat die Verkenners reeds vanaf hulle Graad 8 jaar sal beplan aan hulle loopbane volgens die nuwe verkennerloopbaanplan.

3. <u>Jaarprogram:</u>
   Die jaarprogram met al die verskillende Verkenneraktiwiteite en -kampe is beskikbaar. Kyk gerus daarna en help die Verkenners om hulle loopbane te beplan.

4. <u>Verkennergebiedsplan:</u>
   Die Verkennergebiedsplan vir 2015 is beskikbaar. Hierdie plan bevat alles wat beplan word vir Verkenners in 2015. Verkenneroffisiere moet verseker dat hulle hierdie Verkennergebiedsplan onder oë kry om bewus te wees van die wat en hoe vir Verkenners in 2015.

5. <u>Verkenner Gebiedspraktykhandleiding:</u>
   Die opgedateerde hoofstuk Verkenners van die Gebiedspraktykhandleiding is beskikbaar. Hierdie dokument bevat die beleid en prosedures tov van alle Verkennersake. Kommando's word versoek om te verseker dat hierdie dokument beskikbaar is vir alle Verkenneroffisiere.

Baie dankie vir elkeen se inset in die lewens van ons jeug. Baie sterkte vir die jaar.

4. VOLWASSE SAKE

AGL Riana Breytenbach

Ek vertrou dat almal die ruskansie gebruik het om lekker te rus en ure se lekker, prettige kuiers saam met vriende en familie te geniet. Ek hoop ook dat u sommer baie energie en entoesiasme ontgin het om vanjaar in Kaaplandse Voortrekkers in te ploeg.

Die kernwoord vanjaar by die Voortrekkers moet PRET wees. Kom ons voorsien genoeg pret in Vortrekkeraktiwiteite sodat ons jeuglede nie pret op ander plekke wil gaan soek nie.

Voortrekkers hoef nie net vir die jeuglede pret te wees nie. Voortrekkers moet ook vir jou as offisier 'n heerlike, lekker ondervinding wees. So geniet u span en geniet die mooi en kosbare herinneringe wat nog lank onthou sal word. Maar as die inspirasie min is, wil ek u nooi om nou reeds te beplan en seker te maak dat u een van die vele opleidingsgeleenthede bywoon.

Daar word moeite gedoen om ons offisiere te help om genoeg pitkos te kry by sulke geleenthede om elke offisier in staat te stel om kwaliteit aanbiedings te maak sodat Voortrekkers vir ons jeuglede lekker is. Ek wil elke offisier uitdaag om vanjaar ten minste een opleidingsgeleentheid by te woon.

6-8 Mrt 15	Spanhantering	Van Stadenskloof	Oos-Kaap Taakgroep
2 – 8 Apr 15	Veldwerk Spesialisasie	Klein Kaba	Oos-Kaap Taakgroep
22 – 24 Mei 15	Spanhantering, Sang en Spele, Afrikanerlewe	Wemmershoek	Wes-Kaap Taakgroep
22 – 24 Mei 15	Spanhantering	Bodemvas	Noord-Kaap Taakgroep
28-30 Aug 15	Sang en Spele	Boknes VT-terrein	Oos-Kaap Taakgroep
3 – 9 Okt 15	Staatmaker Bestuurskursus	Wemmershoek	Susan Marais
21 – 23 Nov 15	Seekunde Spesialisasie	Saldanha	Wes-Kaap Taakgroep

Die eerste geleentheid wat ons as volwassenes het om die lekker van Voortrekkerwees saam met vriende oor die hele Kaapland te geniet is die Volwasse Saamtrek op Wemmershoek. Verlede jaar het ons speletjies gespeel (soos kinders dit nie kan doen nie) en die kompetisie was baie straf.

Kom lag, speel en kuier saam op Wemmershoek die naweek van 6 – 8 Februarie 2015!

Dankie aan elke offisier wat PRET is!
P = Pligsgetrou
R = Reg vir uitdagings
E = Entoesiasties
T = Toegewyd

Sterkte vir al die aktiwiteite wat 2015 vir u bied, maar onthou om ook die LEKKER van Voortrekkerwees te geniet!

5. FINANSIES

AGL Constantine Varley

Baie dankie aan elkeen wat so 'n harde poging aangewend het om ons te help om bankkoste te bespaar vir die vorige jaar. Kom ons probeer om so min moontlik kontant in Kaapland of ander kampe se rekening in te betaal a.g.v. kontantfooi heffings.

Danksy ons goeie huurinkomste op ons terreine, kon ons hierdie verhogings so laag as moontlik hou.

Die nuwe ledegeld vir 2015 soos deur Hoofbestuur bepaal is R225 indien voor 31 Mei betaal word.

Dit is vir 2015 wat reeds betaalbaar vanaf 1 November.

Samestelling van ledegelde is as volg:

- **Jeuglede** : R510.00 waarvan R325.00 oorbetaal word aan Hoofbestuur en R185 aan Gebied
- **Offisiere** : R325.00 waarvan R325.00 oorbetaal word aan Hoofbestuur en R0 aan Gebied
  LET WEL: Kaapland stel die Gebiedsgedeelte vry mits 'n Offisier ten minste die Kaapland Saamtrek bywoon of 'n geldige verskoning het vir die nie-bywoning van die Saamtrek.
- **Heemraadslede:** Betaal slegs R212.50 oor aan Hoofbestuur.
- **Staatmakers:** R510.00 waarvan R325.00 oorbetaal word aan Hoofbestuur en R185 aan Gebied.

LET WEL : Staatmakers wat 15 of meer ACB punte in 2014 gekry het se ledegeld is R325, wat oorbetaal word aan Hoofbestuur. Staatmakers kan, met bewyse van hulle betrokkenheid in Die Voortrekkers, aansoek doen om dieselfde ledegeld as die offisiere te betaal mits hulle meer as 15 ACB punte (gelykstaande aan een gebiedkamp se punte) in 2014 behaal het. Hierdie aansoeke moet die gebiedskantoor voor 28 Februarie 2015 bereik.

Eerste jaar Staatmakers (maw 2014 se matrieks): R325.00 wat oorbetaal word aan Hoofbestuur.

Betaling voor 31 Mei 2015: Alle lede kry 'n R100 korting vanaf die Hoofbestuur vir alle ledegeldbetalings wat voor **31 Mei 2015** gedoen word.

6. BEMARKING

AGL Johan Minnie

Doelwitte

Die doelwitte van Kaapland Bemarking vir 2015 is:

- Verhoogde sigbaarheid en bewustheid van Die Voortrekkers in die samelewing;
- 'n Positiewe beeld van Die Voortrekkers binne en buite ons teikenmark;
- Effektiewe gebruik van multikanaal bemarking en skakeling deur Die Voortrekkers;
- Bemagtigende toerusting van Die Voortrekkers met ondersteunende materiaal en opleiding vir bemarking; en
- Dat gepoog sal word om Kaapland se getalle teen Mei 2015 te laat groei van 1833 na 2000.

Om hierdie doelwitte te bereik sal elke lid, elke span en elke bestuursgroep aanhoudend daarop moet fokus om die goeie dinge wat Die Voortrekkers doen te kommunikeer – ons goeie aktiwiteite is ons beste bemarking – maar terselfdertyd vernuwend en innoverend te dink oor wat ons aanbied en hoe ons dit aanbied sodat ons die voorkeuraktiwiteit vir ons jeug bly wat waarde toevoeg tot voordeel van ons jeug en die wyer samelewing.

Dit is tyd om jeuglede te werf

Die eerste kwartaal is natuurlik werwingstyd en reg aan die begin van die kwartaal moet Die Voortrekkers hard en duidelik as 'n moontlike aktiwiteit gekommunikeer word sodat ouers in hul besluitneming oor hul kinders se betrokkenheid by aktiwiteite, ook Die Voortrekkers sal oorweeg, en kinders self genoeg van Die Voortrekkers hoor sodat hulle ook positief sal wees oor deelname.
Daar moet moeite gedoen word om by skole se oueraande of ander aktiwiteite pamflette te verspei en ook om kerklidmate te bereik met die boodskap van wat Die Voortrekkers doen. Twee pamflette wat by skole versprei kan word sowel as 'n Powerpoint wat in 'n kerk tydens afkondigings gebruik kan word is beskikbaar vir gebruik deur Kommando's (kontak die Gebiedskantoor).

Oorde moet die teikenskole en -kerke binne hul gebiede lys en toeken aan kommando's vir bemarkingsdoeleindes en skakeling. Oorde word ook versoek om in 2015 minstens een gesamentlike bemarkingsaksie te loods bv. Massa-inlywings, Dankie Sê funksie in die gemeenskap, Omgee Projek, Erfenisprojek of 'n algemene bemarkingsgeleentheid soos die "Flashmob". Die mag van bemarkingsaksies in groot getalle moet nie onderskat word nie.

Opsommend

Neem asseblief kennis van die volgende:

1. Advertering op Facebook – NK Bemarking sal advertensies plaas op Die Voortrekkers se Facebook blad en lede moet asb die ontwerpe herplaas op alle moontlike Facebook groepe en webwerwe van Die Voortrekkers.
2. ‘n Nuwe plakkaatreeks word ontwerp en sal eersdaags elektronies en moontlik gedruk bekendgestel word.
3. Die inhoud van die Bemarkingstassie op die Voortrekkerwebwerf word steeds uitgebou met al die bemarkingmateriaal en ontwerpe wat elektronies beskikbaar is.
4. ‘n YouTube video kompetisie sal binnekort geloods word, meer besonderhede sal volg.
5. Elke kommando word versoek om minstens een gemeenskapsprojek per jaar te loods en af te handel.
6. Aktiwiteit organiseerders word aangemoedig om kwaliteit foto’s van aktiwiteite te laat neem wat gebruik kan word om te vertel wat ons doen.
7. Die Kaaplandse Groeiplan doelwit is om die Kaapland ledetal te groei na 2000. Die nasionale groeiplan stel die volgende vereistes vir groei binne Kaapland:
    a) 30% Groei van 5 kommando’s wat tans meer as 80 lede het
    b) Groei tot 80 lede van 5 kommando’s met meer as 40 lede
    c) Stablisering van minstens 5 kleiner kommando’s met 25 of minder lede op 25 lede
8. ‘n Taakgroep: 85ste Feesjaar vir 2016 is saamgestel deur Hoofdagbestuur. Gedurende die feesjaar sal massa-inlywings en feeste by monumente of erfenisterreine gehou word wat spesiale betekenis vir Die Voortrekkers het. Binne Kaapland sal die volgende persone deel wees van die taakgroep en die onderskeie feesgeleenthede by die onderskeie terreine koördineer:
    - Oos-Kaap (terrein sal bepaal word): Charl Meyer
    - Suid-Kaap: (terrein sal bepaal word): Gerda Stols
    - Wes-Kaap: Taalmonument: Anton Erwee
    - Noord-Kaap: Magersfontein: Chris Human
9. ‘n Hoeveelheid van die ouer inligtingstuk en skoolhoof pamflet sal weer gedruk en versprei word vir gebruik deur Oorde en Kommando’s.
10. In 2015 en 2016 sal die gemeenskapleierskursus vir alle kommandoleiers / oordleiers en ander bemarkingspersone aangebied word om hulle beter toe te rus.
11. Alhoewel werwing belangrik is, moet ‘n balans tussen die werwing van nuwe lede en die behoud van bestaande lede geskep word.

Maak gerus kontak met die voorsitters van die Provinsiale Taakgroepe: Bemarking vir Noord-Kaap (Elza Erasmus), Oos-Kaap (Susan Mulder) en Wes-Kaap (Gerda Stols) met enige voorstelle oor bemarking.

Hou Koers
Die Gebiedsdagbestuur